Afrikaans

# Administrasie van Bestorwe Boedels



the doj & cd
Department:
Justice and Constitutional Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

25 Years The Constitution

SARS
At Your Service

Weet jy wat moet gebeur na die afsterwe van jou familielid?

Die oorlewende eggenoot, kinders, ouers en erfgename word direk beïnvloed deur die afgestorwene se dood. Wil jy so gou as moontlik die boedel afhandel?

Die volgende inligting sal jou help:

1. om die betrokke partye te verstaan, en
2. hoe om die afsterwe en boedel aan te meld.

**Vraag - WIE IS DIE BETROKKE PARTYE?**

Die volgende partye is oor die algemeen betrokke by die administrasie van ‘n bestorwe boedel.

1. Die Meester van die Hooggeregshof (die Meester)
2. Die eksekuteur/agent
3. Die aktebesorger
4. Die Registrateur van Aktes
5. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS)
6. Die familie, oorlewende eggenoot, erfgename en legatarisse

**Die Meester**

Die administrasie van ‘n boedel vind plaas onder toesig van die Meester wat die regsgebied behou soos bepaal deur die adres waar die afgestorwene woonagtig was gedurende die 12 maande voor sy/haar afsterwe. Die Meesters het kantore in: Bloemfontein, Kaapstad, Grahamstad, Kimberley, Mmabatho/Mafikeng, Mbombela/Nelspruit, Pietermaritzburg, Pretoria, Mthatha, Bisho, Thohoyandou, Johannesburg, Polokwane, Durban, en Gqeberha.

**Die Eksekuteur**

- Die eksekuteur is die persoon wat deur die Meester aangestel is om die bestorwe boedel te administreer.
- Die afgestorwene nomineer ‘n eksekuteur in sy/haar testament en die Meester stel sodanige eksekuteur aan, onderhewig aan bepaalde vereistes.
- Indien die afgestorwene nie ‘n eksekuteur genomineer het nie, mag die begunstigdes ‘n eksekuteur nomineer vir die Meester om aan te stel.
- Indien die boedel geadministreer word ingevolge artikel 18(3) van die Wet op Boedels (wat beteken dat die brutowaarde van die boedel minder is as R250 000) stel die Meester ‘n eksekuteur aan wat na verwys word as die Meester se verteenwoordiger [ook na verwys as ‘n artikel 18(3)-aanstelling].
- Die eksekuteur is alleenlik verantwoordelik vir die administrasie van die boedel.

- Die genomineerde eksekuteur mag ‘n agent aanstel om namens hom/haar op te tree, maar die eksekuteur bly wetlik verantwoordelik en aanspreeklik vir die boedel.
- Indien ‘n agent aangestel word, moet ‘n volmag in plek wees.

**Die Aktebesorger**

- ‘n Aktebesorger is ‘n prokureur wat spesialiseer in die voorbereiding van aktes en dokumente wat volgens wet of gebruik registreerbaar is in ‘n akteregister.
- Die aktebesorger skakel met die Registrateur van Aktes om na die oordrag van titelaktes om te sien indien die afgestorwene onroerende eiendom besit het wat aan erfgename oorgedra moet word, of verkoop en oorgedra moet word aan ‘n derde party.

**Die Registrateur van Aktes**

Die Registrareur van Aktes is die kantoor waar titelaktes geregistreer word.

**Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens**

Die mandaat van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is om alle verskuldigde inkomste in te vorder en, in die geval van ‘n afsterwe, te verseker dat alle belastings betaal word.

- Die afgestorwe persoon se inkomstebelastingnommer (en ander toepaslike belastingnommers) moet as ‘n bestorwe boedel by SARS gekodeer word.
- Alle inkomstebelasting (alle belastings waarvoor die afgestorwene geregistreer was bv. BTW, LBS) -opgawes en laste moet vereffen word en ‘n boedelbelastingopgawe moet ingedien word ten opsigte van ‘n belasbare boedel.

**Let wel: Die eksekuteur moet verseker dat hierdie verpligtinge nagekom word.**

## Vraag - WAT IS DIE EERSTE STAPPE NA ‘N AFSTERWE

**Stap 1: Verkry ‘n kennisgewing van afsterwe**

‘n Kennisgewing van Afsterwe (DHA1663) moet vanaf ‘n dokter/patoloog verkry word om die afsterwe aan die Departement van Binnelandse Sake te rapporteer.

**Stap 2: Rapporteer die afsterwe aan Binnelandse Sake en bekom ‘n doodsertifikaat**

Sodra die kennisgewing van afsterwe ontvang is, moet dit by die Departement van Binnelandse Sake ingedien word saam met die vereiste vorms (DHA1663 en DHA132 - aansoek om doodsertifikaat wat voltooi moet word om die afsterwe

te rapporteer en ‘n doodsertifikaat te bekom. Die vorms is beskikbaar op die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake se webtuiste (https://www.dha.gov.za).

‘n Verkorte doodsertifikaat word gratis uitgereik op die dag wat die afsterwe geregistreer word, maar ‘n onverkorte sertifikaat kan verkry word deur die DHA132-vorm te voltooi en die vereiste betaling te maak.

**Stap 3: Stel vas wie die eksekuteur is**
As die afgestorwene ‘n testament het en ‘n eksekuteur genomineer het om deur die Meester aangestel te word, is sodanige eksekuteur bekend as ‘n testamentêre eksekuteur.

Indien die testament geen voorsiening vir ‘n eksekuteur maak nie of die afgestorwene is dood sonder ‘n testament, sal die Meester ‘n eksekuteur aanstel, na verwys as ‘n datiewe eksekuteur.

‘n Eksekuteur mag ‘n agent aanstel indien hy/sy nie in staat is om ‘n boedel te hanteer nie, solank die nodige volmag in plek is.

**Stap 4: Rapporteer die boedel aan die Meester binne 14 dae vanaf die datum van afsterwe**
*Wie moet die boedel rapporteer?*
The estate must be reported by the surviving spouse or nearest relative or connection residing in the district where the death occurred or by the person who has control of the premises where the death occurred.

Die boedel moet gerapporteer word deur die oorlewende eggenoot of naaste familie, of verbonde persoon woonagtig in die distrik waar die dood plaasgevind het, of deur die persoon wat in beheer is van die perseel waar die dood plaasgevind het.

Die kennisgewing van afsterwe vorm (beskikbaar op die Departement van Justisie se webtuiste https://www.justice.gov.za.master.deceased-how.html). ‘n Gesertifiseerde kopie van die doodsertifikaat moet by die Meester ingedien word.

**Vraag - Watter dokumentasie moet verskaf word?**

- Voltooide kennisgewing van afsterwe vorm - J294
- Oorspronklike of gesertifiseerde kopie van die doodsertifikaat
- Gesertifiseerde kopie van die afgestorwene se ID
- Oorspronklike of gesertifiseerde kopie van huweliksertifikaat (indien van toepassing) of aanvaarbare bewys van huwelik, soos versoek deur die Meester
- ‘n Verklaring van huwelik deur die oorlewende eggenoot/familielid wat aandui hoe die afgestorwene getroud was

- Alle oorspronklike testamente en kodisille of dokumente wat sodanig geag word (indien enige)
- Voltooide naasbestaande affidavit - J192
- Voltooide voorraad vorm - J243, wat al die bates van die afgestorwene toon (bewys van die waarde van die bates moet verskaf word)
- Lys van krediteurs van afgestorwene (indien van toepassing)
- Nominasies deur die erfgename vir die aanstelling van 'n eksekuteur in die geval van 'n intestate boedel, of indien geen eksekuteur in die testament aangewys is nie, of indien die genomineerde eksekuteur oorlede is of die aanstelling weier
- Verklaring wat bevestig dat die boedel nie reeds by enige ander Meesterskantoor gerapporteer is nie
- Voltooide vorm (J190) vir aanvaarding van trust as eksekuteur, in duplikaat, deur die persoon/ persone wat as eksekuteur(s) genomineer is, plus 'n gesertifiseerde kopie van die fotobladsy van die eksekuteur se ID [nie van toepassing op artikel 18(3)-boedel nie]
- Onderneming en borgstelling - J262 (tensy die genomineerde eksekuteur vrygestel is van borgstelling in die testament, of die ouer, eggenoot of kind van die afgestorwene is) [nie van toepassing op artikel 18(3)-boedel nie)
- Aanvaarding van Meester se aanwysings - J155, voltooi en geteken deur die persoon soos genomineer deur die begunstigdes [spesifiek van toepassing op 'n artikel 18(3)-boedel]
- Gesertifiseerde kopie van die ID van die persoon wat as die Meester se verteenwoordiger aangestel sal word [spesifiek van toepassing op 'n artikel 18(3)-boedel].

**Stap 5: Bekom briewe van eksekuteurskap / magtigingsbrief van die Meester**

Sodra die boedel gerapporteer is en die vereiste dokumente is ingedien tot tevredenheid van die Meester, sal die Meester 'n eksekuteurskaps-/magtigingsbrief uitreik. Vir meer inlingting, besoek asseblief die Meester se webtuiste: https://www.justice.gov.za/master/deceased-how.html.

**Stap 6: Stappe om te volg by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens**

**Vraag - Wanneer moet 'n bestorwe boedel geregistreer word?**

- SARS moet te alle tye van ‘n belastingpligtige se afsterwe in kennis gestel word.
- ‘n Bestorwe boedel moet geregistreer word wanneer inkomste en uitgawes voorkom na die datum van afsterwe of enige kapitaalwinste wat mag ontstaan na die datum van afsterwe in die hande van die bestorwe boedel.

### Vraag - Hoe om SARS in kennis te stel van ‘n bestorwe boedel

- ‘n Eksekuteur moet SARS van die afsterwe in kennis stel deur -
    - ‘n afspraak by ‘n SARS-tak te maak (afsprake word deur eBooking gemaak by www.sars.gov.za <Book an Appointment; of deur www.sarsefiling. co.za of die SARS MobiApp); of
    - deur dit deur te stuur na die nuwe SARS-aanlynnavraagstelsel (https://www.sars.gov.za/contact- us/send-us-a-query/); of
    - deur ‘n e-pos te stuur na een van die volgende:
        - Vir belastingpraktisyne: pcc@sars.gov.za.
        - Vir belastingpligtiges: contactus@sars.gov.za.

### Vraag - Wat is die prosesvloei om ‘n bestorwe boedel af te handel?

Nadat die eksekuteursbrief deur die Meester uitgereik is, moet die volgende by SARS gedoen word:

1. Die eksekuteur moet enige SARS-tak in kennis stel.
2. Die dokumente vereis vir die koderingsproses sluit in:

- Kopie van die kennisgewing van afsterwe (J294) soos uitgereik deur die Meesterskantoor, of die doodsertifikaat
- Kopie van aanvaarding van trust as eksekuteur vorm (J190), of kopie van eksekuteursbrief (J238)
- Gesertifiseerde kopie van ID van die afgestorwene en eksekuteur.
- Kopie van die onderneming en aanvaarding van die Meester se aanwysings (vorm J155) of kopie van die magtigingsbrief (J170) in gevalle waar die boedel minder as R250 000 is
- Kopie van voorraadvorm (J243)
- Kopie van die testament
- Die naam, woonadres, e-posadres en telefoonnommer van die eksekuteur en sy/haar agent
- In die geval van ‘n agent, ‘n volmag en gesertifiseerde kopie van die ID van die aangestelde persoon

- Kopie van die getekende finale likwidasie- en verdelingsrekeninge (L&V) wanneer dit beskikbaar is (indien van toepassing)
- Die boedelbelastingopgawevorm (REV267).
- The Estate Duty Return (REV267 form).

3. Sodra die afgestorwe persoon gekodeer is, moet alle uitstaande belastingopgawes, tot en met datum van afgesterwe, ingedien word. Dit is van toepassing op alle belastingsoorte - inkomstebelasting, BTW, LBS, VOH, WVF en boedelbelasting.
4. Hierdie proses kan voltooi word deur SARS-aanlyndienste of deur SARS se beskikbare digitale kanale beskikbaar op die SARS-webstuiste www.sars.gov.za.
5. Sodra die eksekuteur die L&V rekening afgehandel het, moet dit by SARS ingedien word, tesame met die REV267 (boedelbelastingopgawe). SARS sal ‘n oudit uitvoer vir al die belastings - voor en na afsterwe.
6. Sodra al die belastingverpligtinge ten volle betaal is, word die bestorwe boedel nakomingsbrief (DEC) uitgereik vir alle belastingsoorte, insluitend boedelbelasting. Die DEC moet by die Meesterskantoor ingedien word vir die eksekuteur op deur die Meester kwytgeskel te word.

Besoek asseblief die boedelbelastingblad op die SARS-webtuiste vir meer inligting oor bestorwe boedels: https://www.sars.gov.za/types-of-tax/estate-duty/.

**Vrywaring: Die brojure is slegs vir inligtingsdoeleindes, en die toepaslike wetgewing het steeds voorrang in geval van inkonsekwensie.**

**Vir meer inligting, besoek die SARS-webtuiste en SARS TV op YouTube vir opvoedkundige videos.**

*Onthou, vir besoek aan jou naaste SARS-tak, moet jy eers ‘n afspraak maak.

**KLIK www.sarsefiling.co.za / www.sars.gov.za**

**Volg ons op sosiale media om op hoogte te bly met #YourTaxMatters.**

Facebook: sarstax
Twitter: @sarstax
LinkedIn: sarstax
YouTube: sarstax